**Skriflesing: Romeine 4 vers 18-21**
**Tema: God doen wat Hy beloof!**

Die afgelope kerstyd het ons baie keer die volgende lied gesing: "Al was ek nie daar nie - ek weet dit is waar: die krip en Maria met die Kindjie by haar." Hoe weet ons die krip en Maria is waar? Want die Kindjie is die waar-word van God se beloftes. Ons glo dit. In Jesus kom 'n hele aantal beloftes of profesieë tot vervulling. Ons vind 'n aantal hiervan in die boek Matteus:
**Matteus 1 vers 23:** "Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem." Die naam beteken God by ons."
Meer as 700 jaar vroeër lees ons in Jesaja 7 vers 14: "Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem."

**Matteus 2 vers 6:** "En jy, Betlehem, gebied van Juda, jy is beslis nie die kleinste onder die leiers van Juda nie. Uit jou sal 'n leier voortkom wat vir my vo lk Israel 'n herder sal wees."
Meer as 750 jaar vroeër lees ons in Miga 5 vers 1: "Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede!"

**Matteus 2 vers 15:** "…en daar gebly tot die dood van Herodes. So is vervul wat die Here deur 'n profeet gesê het: "Uit Egipte het Ek my Seun geroep."
Meer as 750 jaar vroeër lees ons in Hosea 11vers 1: "Toe Israel nog 'n kind was, het Ek hom al liefgehad, en Ek het hom, my seun, uit Egipte geroep."

**Matteus 2 vers 18**: "'n Gekerm word op Rama gehoor, 'n gehuil en groot gejammer: Ragel treur oor haar kinders en wil nie getroos word nie, omdat hulle nie meer daar is nie."
Meer as 600 jaar vroeër lees ons in Jeremia 31 vers 15: "So sê die Here: 'n Gekerm word op Rama gehoor, 'n gehuil vol hartseer: Ragel treur oor haar kinders, sy wil haar nie laat troos nie, want haar kinders is weg."

**Matteus 3 vers 3:** "Hy is die een wat die profeet Jesaja bedoel het toe hy gesê het: "Iemand roep in die woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit."
Meer as 700 jaar vroeër lees ons in Jesaja 40 vers 3: "Iemand roep: "Maak vir die Here 'n pad in die woestyn, maak in die barre wêreld 'n grootpad vir ons God!"

Wat sê die voorafgaande vir jou van die God en van die Bybel? Ek dink Numeri 23 vers 19 vat goed saam wat ons van Hom leer: "God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie?"

God is in beheer van die toekoms. Hy voorspel nie die toekoms nie. Hy bepaal die toekoms. Sy beloftes staan vas. En daar is geen voorwaardes of eise wat ons eers moet nakom aan Sy beloftes gekoppel nie. Dit staan vir ons opgeteken in die Bybel wat die ware Woord van God is.

Iemand sê dat daar 'n belofte vir elke dag van die jaar in die Bybel is. By 'n ander bron lees ek raak dat daar net minder as 8000 beloftes in die Bybel is. Dit maak nie regtig saak hoeveel daar is nie, kom ons gaan kyk na net 5 beloftes wat vasstaan. Watter beloftes gee die Here vir ons in 2019?

### 1. Eienaarsbelofte
In Genesis 17 vers 7 sê die Here vir Abraham en vir elkeen van ons: "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag." Hy bevestig telkens hierdie belofte aan elkeen van ons by die doop.

**2. Kindbelofte**
Soos die meeste van ons, was ek bevoorreg om in 'n Christelike huis en omgewing groot te word. Ek was egter nie doodseker of ek 'n kind van die Here is nie. Op 'n CSV kamp in st 6, die huidige graad 8, het iemand vir my die belofte van Johannes 1 vers 12 gegee: "Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word." Daarna het ek nooit weer getwyfel of ek 'n kind van God is nie.

**3. Vashoubelofte**
Ons het sopas die fees van Immanuel, God by ons, gevier.In Romeine 8 vers 38-39 word ons verseker van God se vashou van ons lewens: "Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here." In Hebreërs 13 vers 5b lees ons: "God self het gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie."

**4. Versorgingsbelofte**
In Matteus 6 wys die Here vir ons op sy versorging van die wilde voëls, veldlelies en gras. En dan verseker Hy ons in Matteus 6 vers 31-33: "[31]Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. [32]Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. [33]Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."

**5. Toekomsbelofte**
Ons weet nie wat vandag of môre in ons lewens gaan gebeur nie, maar in die Here is ons ewige toekoms seker. In die bekende Johannes 3 vers 16 verseker Hy ons: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."
In Johannes 10 vers 28 sê Hy: "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie."

Die meeste van ons het nie vanoggend iets nuuts gehoor nie. Maar waarom sien van ons dan so op teen die jaar wat voorlê? Leef ons nie in geloof uit God se beloftes nie?

Abram was nie 'n volmaakte gelowige nie. Hy het ook maar drooggemaak en getwyfel. Toe hy op 86 jarige ouderdom nog nie kinders het nie, besluit Hy en Sarai dat hy by haar slavin, Hagar, moet probeer om 'n kind te kry. Uit die verhouding word Ismael gebore. Tog lees ons die volgende van hom in **Romeine 4 vers 18-21:** "[18]Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo, en so die vader van baie nasies geword volgens die belofte: "So sal jou nageslag wees." [19]Al was hy sowat honderd jaar en al het hy dus goed besef dat sy liggaam reeds gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, het sy geloof nie verswak nie. **[20]Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee.** [21]Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het."

Ons weet nie wat die jaar vir ons inhou nie. Wat ons wel weet, is dat God en Sy beloftes vasstaan. Hy wil vir ons elkeen 'n God wees. Hy gee ons die reg om onsself Sy kinders te noem. Hy hou ons vas, versorg ons en verseker ons toekoms. Daarom kan ons kans sien vir 2019.
**Amen**